

UIT **DIE VREES**
Deur
GERHARD J. BEUKES

(Uit die bundel WOORD EN MASKER saamgestel deur Gerhard J. Beukes)

Die toneel speel af in 'n gewone, gegoede boerehuis op 'n plattelandse dorpie. Karel Krause staan by die venster. Gedreweheid en vrees spreek uit sy bang oë, sy senuagtige houding en sy vinnige reaksie op enige verdagte geluid. Twee perderuiters gaan in die straat verby. Vasgedruk teen die muur probeer hy vasstel wie dit is. Hy hoor voetstappe en beweeg vinnig tot in die middel van die vertrek. Sy ma kom binne. Sy vertel hom dat dit rebelle is op pad na generaal Kemp se kommando.

KAREL:

Waarom sê Ma dit vir my. Ek weet dis rebelle wat hier verby is. Belangstel? *[Skok skouers onverskillig en draai weg]* Ek dink hulle is almal 'n spul gekke.

Sê? Teen my eie Boeremense? En waarom sal ek dit nie sê as dit die waarheid is nie? Die hele ding is 'n droewige grap. Almal gryp nou na geweeers en patrone en niemand het nog vyf minute oor die gevolge van alles nagedink nie! Niemand! *[Opgewonde]* Blindweg stormja, skiet en laai en skiet en laai - ja, dit kan almal regkry, maar die dinkwerk moet die Opperwese vir hulle doen. En dan glo hulle nog dat hierdie opstand gaan slaag!

[Wild en voortvarend] As dit maar al was! As hulle net vir hulle eie dwaashede hoef te boet, dan sou dit my min geskeel het. Maar nou is dit anders. Elkeen in hierdie dorp wat 'n Boerenaam dra móét by hulle aansluit - dit verwag hulle! Hoe jy self voel, maak geen saak nie!

[Verbitterd] Volk en Vaderland roep! Bêre jou verstand in die saalsak! Gryp jou geweer! Skiet en skree hoerê! En as jy sterf soveel te beter! Dan sal jy 'n mooi begrafnis kry - mooi toesprake en die volkslied en 'n monument! En dan is jy 'n held! 'n Wonderlike held!

[Kom opeens tot homself, draai effens weg en dan sagter]

Ek is jammer Moeder. Ek moet hierdie harde dinge sê. Dit krop al dae lank in my op en ek moes dit eenkeer hardop vir iemand sê - die dinge wat my nie kan laat slaap nie en my hierbinne so seermaak...

Moeder, waarom is ek nie ook soos die ander jong mans nie? *[Na 'n oomblik]* Waarom kan ek nie ook net my perd saal en my mauser gryp nie? Miskien is dit omdat ek altyd te ver vooruit wil dink, te ver vooruit wil sien. Ek moes nooit leer dink het nie - dan was ek nou een van hulle, dan kon ek ook sommer net blindweg stormja en skiet. En dit sou soveel makliker wees sonder die onsekerheid hierbinne wat my so kragteloos maak. *[Kyk haar pleitend aan]* Ek is tog ook 'n Boer, Moeder, is ek nie?

[Hy kyk na die portret teen die muur]

Ja ek is Moeder se seun en Pa s'n. En hy het vir sy volk gesterf sonder om ooit te vra waarom. Ek weet waarom sy portret die afgelope week weer hier hang. Moeder dink as ek hom sien sal dit vir my die beslissing makliker maak. Is dit so?

[Gaan staan voor die portret] Nee, Vader, nee, ek voel nie soos u oor hierdie sake nie. Ek wil so graag, maar ek kan nie... eerlik, ek kan nie...

['n Klop aan die deur en briefie word ingegooi]

Wie was dit?

[Hy tel die briefie op en bekyk dit. Met spottende bitterheid]

Ek het geweet dit sou kom. Hulle sou my in hierdie uur nooit vergeet nie... Dis 'n boodskap vir my. Wil Moeder graag weet? Van die rebelle-kommandant, Jan Pieters. *[Vou die briefie oop en kyk 'n oomblik stil na die inhoud]* Ek was reg - hulle hét my nie vergeet nie.

[Lees] "Sterkte vir die groot taak wat wag. Ons is trots op jou. Jou volk sal onthou." *[Frommel dit op en smyt weg]*

Moenie so gou dankie sê nie, Moeder. Kom sit hier by die tafel. Ek wil u iets vertel wat u moet weet. Ek weet nie wat alles in die volgende halfuur gaan gebeur nie, maar ek wil hê Moeder moet weet hoe ek oor hierdie saak voel. Aan Marie durf ek dit nooit sê nie. Sy glo ek is 'n

held... En u het ook gehoop ek sal een van hulle daarbuite wees, een van die helde... Maar ek is nie een van hulle nie! Ek moet rebelleer, maar ek is geen rebel nie - nie hier binne nie. *[Draai sy gesig weg]* God vergeef my...

Ek het baie hard probeer, Moeder. Het Moeder geweet?

[Stap rusteloos weg] Ek kan geen uur meer slaap nie. Van die gerugte van die rebellie hier deur die dorp gewaai het, was daar geen rus meer nie. Daar is net een ding waaroor almal praat, net een ding wat almal jou vra as hulle jou teëkom: Gaan jy ook rebelleer? In elke winkel, by elke straathoek, in elke huis - orals: Gaan jy ook rebelleer? Gaan jy rebelleer? Rebelleer? Rebelleer? O, dit was om van gek te word! Ek was soos 'n dier wat hulle in 'n hoek vaskeer met hulle honde en hulle gewere... *[Sagter]* Maar dit het my nie die seerste gemaak nie.

Nee, Moeder, nie hulle veragting nie, maar die medelye waarmee 'n paar van die ouer ooms my aankyk as ek op al die vrae maar net kan glimlag en niks sê nie. Dit was die wreedste. Die veragting kon ek nog verdra - ek het immers die reg om te handel soos ek die lig sien, maar daardie medelye, daardie jammerte wat in hulle oë is, as hulle die koppe wegdraai...

[Soos 'n slaapwandelaar] Eergister kon ek die marteling nie langer uithou nie. Ek het besluit ek gaan rebelleer. Dit was toe die son geskyn het. Maar toe dit donker word was alles meteens weer so onmoontlik. Die vrees was weer daar! Orals het ek hom gehoor! Dit was 'n soort ondier met skuimbek en bloedbelope oë wat geruisloos om die huis sluip, onder die deur kom insnuffel en saggies daaraan krap... As ek my oë oopmaak, beloer dit my met rooi oë deur die ruite en as ek hulle toedruk, kruip dit uit die hoek van die kamer op my af, kruip dit soos koue vuur deur my bloed, stadig van my voete af op... tot dit soos vlamme hier bo in my kop brand... Toe kon ek dit nie meer uithou nie! Ek het opgespring en die nag ingevlug. Ek het later weer gaan lê. Maar die marteling het gebly. As die weerwolf weg is

staan daar 'n lang swart man langs my bed. Sy oë witblink en hulle brand deur myne al sluit ek hulle dig toe... Hy het my die meeste gemartel... Op honderde maniere het hy my die vreeslikheid van die dood voorgehou - die grusaamheid om jou eie liggaam koud en nutteloos op die grond te sien lê, toegedraai in 'n vaal kombers, en die predikant se droewe stem: Van stof zijt gij en tot stof... God, dis vreeslik! Die lewe is baie wreder as die dood...

---ooOoo---

Hierdie monoloog is ook geskik vir seuns, grade 10-12.

(Uitgewers: J.L. Van Schaik Bpk., Pretoria)